

Lewe na die dood

*Daniel 12 vers 2: En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.*

Esegiël 37: vers 1 tot 14 Die hand van die ~~HERE~~ VADER was op my, en Hy het my uitgebring deur die Gees van die ~~HERE~~ VADER wat YAHUSHA is en my neergesit in die laagte; en dit was vol bene (*Nie dooie mense nie maar meer in die sin van verlore mense*) :2 En Hy het my by hulle laat verbygaan na alle kante toe; en kyk, daar het 'n groot menigte oor die laagte gelê, en kyk, hulle was baie dor (*Die verlore mensekinders was tot niks in staat tot omkering nie, want hulle ken nie meer hul verlede nie, hulle ken glad nie meer hulle Skepper nie. Ja hulle tas in die donkerte rond en wonder wat maak hulle daar*). :3 Toe sê Hy vir my: Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? En ek antwoord: ~~Here HERE~~, VADER U weet dit. :4 Daarop sê Hy vir my: Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van die ~~HERE~~ VADER :5 So spreek die ~~Here HERE~~ VADER tot hierdie bene: Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word. :6 En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en 'n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek die ~~HERE~~ VADER is. :7 Toe het ek geprofeteer soos my bevel was. En sodra ek geprofeteer het, was daar 'n geruis, en kyk—'n beroering! En die bene het nader gekom, elke been na sy been. :8 Toe kyk ek en—daar was senings op hulle, en daar het vlees op gekom, en 'n vel is bo-oor hulle getrek, maar daar was geen gees in hulle nie (*Die volk het begin om wakker te word, want baie is deur gegee aan hulle. Hulle kon alles verorber, want vervulling is besig om plaas te vind. Sigbare uit – kenning uit watter stam was hulle, al wat hulle nou kort is die vulling van die gees*) :9 Daarop sê Hy vir my: Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees (*Die wat gees het is in die lewe, want 'n dooie lewe nie, dus is dit die wat voor hom staan*): So spreek die ~~Here HERE~~ VADER: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word (*Regoor die wêreld kom daar lewende water, lewende woorde tot die lewende dooies soos toe YAHUSHA oor die dissipels geblaas het in Joh.20:22*). :10 En ek het geprofeteer soos Hy my bevel het. Toe het die gees in hulle gekom, en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan—'n ontsaglike groot leër! (*Die dissipels was tot en met daardie blaas van YAHUSHA op hulle 'dooie-lewendes' Joh.20:22, maar daarna het hulle op eendag drieduisend geword Hand.2:41*):11 Toe sê Hy vir my: Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Yashar'EL (*Al 12 die stamme*). Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons! :12 Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek die ~~Here HERE~~ VADER: Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o My volk! (*Ons sal uit ons lewende dood stadium gehaal word*)

En Ek sal julle bring in die land van Yashar'EL. :13 En julle sal weet dat Ek die ~~HERE~~ VADER is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o MY volk! :14 En Ek sal MY Gees (YAHUSHA) in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die ~~HERE~~ VADER, dit gespreek en gedoen het, spreek die ~~HERE~~ VADER.

Matt 27:51 En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur (*VADER het besluit om die 'lewend-dooies' te help en daarom die skeur van bo en nie van onder nie. Die skeiding wat daar was het VADER oop gemaak, die wat nie hul verlede geken het nie het nou openbaring gekry, die wat nie hul Skepper geken het nie het nou die geleentheid om Hom te ken*), van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur; :52 en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape ~~heilige~~ reines het opgestaan (*Die lewende dooies het wakker geword en baie se oë het oop gegaan*). :53 En ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die ~~heilige~~ rein stad ingekom en aan baie verskyn (*Wat belangrik is om te weet is dat eers na YAHUSHA se opstanding en opvaring het hulle die ontvangs van VADER se Gees ontvang, dus moet daar nie verkeerd gelees word in vers 53 nie, dat daar 'n opstanding gewees het met YAHUSHA se 'dood' nie, maar wel "ná" Sy opvaring m.a.w. toe die dissipels die 'Gees' {YAHUSHA} in hulle ontvang het was daar baie daarna wat dit ook ontvang het*).

Johannes 6: 39-44 En dit is die wil van die VADER wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. :44 Niemand kan na My toe kom as die VADER wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

1 Sam 28:13 En die koning antwoord haar: Wees nie bevrees nie; maar wat sien jy? En die vrou sê vir Saul: Ek sien 'n bonatuurlike wese (*Sy sien wat nie deur die menslike oog waarneembaar is nie, en dat VADER dit wel toelaat dat sy dit mag sien. Sy kon met die eerste kyk na die wese nie sien dat dit Samuel kon wees nie, maar is gely {verly} deur die mantel wat hy aan het. Onmiddellik kom die vraag: Het die dooies dan ander klere om aan te trek as wat in Open. 3; 4; 6 en 7 staan ?*) uit die aarde opkom.

2 Sam vers 14: Want ons moet eenmaal sterwe en soos water wees wat uitgegooi word op die grond (*as water op die grond val voed dit die aarde, dus die wat die Koninkryk van VADER verkondiging maak die stoflike mens nat m.a.w. hulle ontvang daardie water wat YAHUSHA is*), wat 'n mens nie weer kan versamel nie (*Die wat daardie water ontvang het sal nooit uit VADER se hand geruk kan word nie Jer.45:4 Dus die kerke wat hulle wil versamel....*); en ~~God~~ Skepper neem die lewe (siel) nie weg nie, maar Hy koester gedagtes om 'n verstotene nie van Hom af te stoot nie.

*Lev. 17:14 want wat die siel van alle vlees aangaan, sy bloed is met sy siel verbind..... die siel van alle vlees is sy bloed; Deut.12:23..... want die bloed is die siel, en jy mag die siel nie saam met die vleis eet nie.* Bloed is die simbool van die dood, want as bloed gestort word gaan die lewe uit daardie liggaam saam met die bloed. Die lewe en die siel is in die bloed. Ons moet nie fout maak om te dink dat bloed dood of lewe is nie, wel die simbool van dood, tog die draer van die lewe. Al het bloed gevloei is die lewe nog steeds daarin teenwoordig. Wanneer die man bloed {ongeluk} verloor kom die Dr. en gee die man bloed van 'n ander wat ook siel bevat, is dit reg !! Nee om dit in 'n ander oog raak te sien is nl: Baie skenk organe soos 'n nier bv. daar is lewe in daardie nier, maar nie siel nie. Die nier verteenwoordig nie lewe of die dood nie, maar is wel 'n werktuig wat lewe laat voortspruit. As die nier nadat hy uitgehaal was nie binne 'n sekere tyd in 'n volgende liggaam oorgeplaas word nie, stop die lewens-funksie in daardie nier; Dieselfde met bloed. Bloed is kosbaar vir VADER! Hy wil dit bewaar hê net vir Hom, want bloed nie-verspil bevat die siel waarvan HY die siel aan die ewige lewe wil koppel.

Soos bo genoem is dat siel in en aan bloed verbind is, maar as die liggaam ophou funksioneer of uitbloeï verlaat die siel hom en daarom wil VADER die siel verbind aan die ewige lewe. M.a.w. bly by vlees van jou vlees en been van jou gebeente! (*Gen.2:23*). Ons lees in die Skrif dat uit een vlees het YAH 'n tweede geskape. 'n Vleeslike saad lyn waarvan die siel (*Lev.17:14*) verkleef is aan die bloed en waarvan die suiwer bloedlyn deur YAH in Adam begin het. Vanaf Adam het Gees voort gegaan in die bloed van Eva; Nie die siel nie, maar die gees. (*Gen.6:3*) Dus die "Bloed" in Eva wat uit Adam kom die begin bloed-poel van die Adam geslag (*Mal.2:15*).

Deur voortplanting gaan nie net die bloed en gene voort nie, maar vleeslike saad. Wat beteken dit? Dit beteken dat Adam se genetiese saad nog steeds in dié bloedlyn is wat die uitverkore volk van VADER is en dit is opgeteken in *Luk.3:23-38*.

Met die boonste lering kan ons verder gaan om te sê dat die vlees-gevulde bloed ook 'gees vervulde bloed' is. Dus deur die hart gaan gees/ asem en versprei na die hele liggaam. Elke liggaam besit 'n uniek siel afsonderlik, maar as uitverkore volk gesamentlik een Gees. Nooit mag bloed geëet, drink of geskenk word weens die verbintenis in die bloed nie (*Bloed skenk is wel toelaatbaar in 'n gesin genepoel, maar nie verder nie*).

Die siel werk met die sewe geeste (sintuie) van VADER. In *Klaag. 3:20-25* kan die siel praat, sien en voel en ontvang opdragte wat gehoorsaam moet word. In *Jer.39:18; 45:5* word die siel vir ons gegee as eiendom. Ons sien ook dat die siel die vlees verlaat (*1 Kon. 17:21*) en of terug kan keer, m.a.w. die siel is beweeglik en kan 'n keuse (*besluit*) maak. Die siel se doen en late neem die vlees in totaal oor en manipuleer dit om te doen wat die siel begeer soos eet, drink, slaap, ens. tog het die siel dit nie nodig nie.

Die liggaam is so geformuleer dat dit die siel sal sê wat hy nodig het. Die liggaam werk soos 'n battery stelsel; As die battery af begin loop wil hy herlaai word. Die siel aan die anderkant het weer nie die rus of herlaaiing nodig nie. Die siel bly ewiglik wakker en slaap of rus nooit.

Nou die gees wat ook woonagtig is in die vlees het sy eie behoeftes wat die teenoorgestelde is van die siel. Die gees is soekend (Jes.26:9) en die gees het nie vlees en bene nie (Luk.24:39) tog skenk dit lewe vir die siel in die vlees. In Klaag.3:20 staan dat die siel hom moet buig en onderdanig wees. Die siel is in die bloed sonder geestelike sig, gehoor, reuk, spraak of gevoel, maar tog ontvang die siel al die informasie van hulle om die liggaam te bevredig. In onkunde is dit werksaam in die duister en het 'n behoefte aan Lig, wat die Gees is (Joh. 20:22 asem).

Die oë is die vensters vir die siel en die hart is die deur na dié Tempel. Agter jou oë is daar 'n kamer waar 'n baie belangrike beheerpunt is van die liggaam. Jou niere en byniere, voortplanting organe, mangels, skildklier, maag, lewer en so ook die groei en uitval van jou hare word uit daardie kamer beheer. Dit is die huis van die pituitêre klier of die pynappelklier. Uit die brein deur die pituitêre area is waar die (*siel kamer*) liggaam se behoeftes gaan (*Dit is die area wat die siel willekeurig heers soos hy wil*). Die pituitêre klier het nie beheer oor die hart nie, want die hart se behoeftes is verskillend (*die hart is die kamer van die gees*).

In Jer. 45:5. word die siel aan ons gegee maar nie die gees nie. Die Gees "Ruach" kan ons ontvang waarvan die siel reeds 'n plek het (Hand. 2:38). Die siel staan voor die oordeel en nie die 'Gees' nie.

*Joh 12:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.* Ons as die koringkorrel moet gaan tussen ons mede broers, want so het YAHUSHA ook as die koringkorrel tussen ons kom doen.

*Luk 16:22 En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. :23 En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. :24 En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. :25 Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. :26 En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie. :27 En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur—*

*Luk.16:28 want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie. :29 Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. :30 Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. :31 Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.*

Om die gelese stuk te verstaan moet daar gekyk word na die woord 'hel'. 'Hel' is nie op aarde nie maar in die buitenste duisternis. Matt.8:12; 22:13; 25:30 en ook dat die ryk man behoeftes het wat beteken dat hy 'n 'tweede' liggaam moet hê. Die eerste was van stof {*waar die siel in gewoon het*} en sal weer tot stof word, maar die een wat hy nou ontvang het is die een wat ewiglik sal bestaan {*soos die siel wat nooit kan ophou bestaan nie*}. Bo is uitgewys dat die siel nie die sintuie van die liggaam is nie, maar dat dit wel die sintuie gebruik tot sy voordeel. Die nuwe liggaam het dieselfde behoeftes soos die vorige, maar met die verskil dat dit nie kan sterf soos die vorige nie. Dus gaan die siel voort om in die nuwe liggaam te heers, en dit is waar die ryk man inkom om 'n druppel water te vra. Duidelik gee Abraham dit deur dat die ryk man nie gehelp kan word nie en dat hy ook nie na hom kan kom {*of andersom*} nie. In Henog se boek word dit ook duidelik deur gegee dat daar vier groot sale is wat vol siele is. Een saal wat belig is en wat 'n helder stroom drink water in het. Die wat daarin is het klere ontvang by VADER en ek glo SY engele sorg vir hulle terwyl hulle wag vir die koms van YAH ons Koning {Open.6:11}. Die tweede en derde sale is vol van die siele wat wag vir oordeel, maar die vierde en laaste saal is die reeds veroordeeldes wat wag om na die hel geslinger te word Matt.22:13.

*1 Petrus 4:6 Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na Gød VADER in die gees.* YAHUSHA sê duidelik in Matt.22:32 dat VADER niks met die dooies te doen het nie;! Nee wat HY sê is dat HY die wat HOM of SY Seun verwerp (*die borse*) veroordeel sal word, maar in Petrus staan dat die lewende-dooies geoordeel moet word terwyl hulle nog lewe, en 'n kans het tot redding in YAHUSHA wat 'VADER se Gees' is.

*Pred. 12 : 6, 7 Voordat die silwerdraad verwyder word en die goue oliekruik stukkend val en die kruik by die fontein gebreek word en die wiel stukkend in die put val :7 en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na Gød VADER terugkeer wat dit gegee het.*

Om die gelese vers te verstaan moet ons na die simboliek van die inhoud van die vers kyk. 'Voordat die silwerdraad verwyder word' Voordat dood intree. Ons as mens (*Adamiete*) is gebind aan YAH deur 'n silwerdraad. Indien die draad breek tree dood in vir die mens. Dit is soos toe YAHUSHA uitgeroep het aan die folterpaal "Eli, Eli, lama sabagtáni", nie dat ek ons met Hom wil vergelyk nie, maar YAHUSHA was aan VADER verbind.

Silwer is 'n metaal wat vriendelik (*nie giftig*) is teenoor die mens waarvan yster, lood en baie ander metale vyandig (*giftig*) is.

So kan ek van goud ook praat. Enige drink of eet gery wat van silwer of goud gemaak was is gesond vir die mens. Baie ander metale mag nie gebruik word nie, want dit breek die liggaam af in plaas van om dit op te bou. As goud of silwer roes (*aanpak of oksideer*) kan daardie roes jou nie skade aan doen nie, maar intendeel help tot gesond-wording. Die teenoorgestelde kan gesê word van yster of lood wat roes.

Dus die “*die goue oliekruik stukkend val*” is dit wat goed was vir die Adamiet het tot niet gegaan. Die “*kruik by die fontein gebreek word*” Eerstens beteken 'n kruik dat dit 'n houer is waar vloeistowwe in versamel kan word. Tweedens is 'n fontein 'n bron wat gewoonlik drinkbare water uit die aarde uit laat vloei. Dus wat versamel was vir die mens om van te lewe is verby. Hoekom? Die kruik bevat die koninkryk waarvan YAHUSHA die Fontein is, maar dit 'word' gebreek en dood tree in.

Die “*wiel stukkend in die put val*” beteken dat daardie lewe wat binne in jou was (*bloed sirkulasie*) het tot stilstand gekom en dit het afgedaal.

Wat die verse vir ons deurgee is dat die silwerdraad ontsettend belangrik is tot 'lewe', want Ha satan kom om daardie silwerdraad te breek en jy is verewig verlore!! Joh 5 :28-29 bevestig dit: *Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor :29 en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.*

Nou in kort oor die lewe na die dood.

Almal wat in dood verkeer onder in die aarde gaan opstaan (*hetsy ewige lewe of ewige dood*). Party tot die ewige lewe wat op die dag van YAH se 1000 jaar van vrede gaan wees en die ander wanneer die 1000 jaar verby is tot oordeel vir die ewige lewe of dood.

Daar is baie oor die wêreld wat reeds vir ons 'n prentjie geskep het toe hulle 'n skyndood gehad het wat met hulle gebeur het. Almal van hulle het 'n wit helder lig (*tonnel*) gesien en sommige het meer gesien, maar wat vir my interessant is dat hulle 'n “J\*sus” gesien het, maar nie YAHUSHA nie! My verklaring vir die wat die lig gesien het was op pad na die wag saal onder in die aarde waar lig (Open.21:23) en vrede in is. Dus moet ons almal wag vir die lewe na die dood (*die wat nou lewe en die wat wag onder in die aarde*). Lewe wat verwag moet word is aan ons gegee deur VADER in YAHUSHA.

1 Joh.5:11.

Ek gaan nou iets baie insiggewend deurgee en mag dit jou geval.

Voordat ons siel oorgaan na die hiernamaals moet daar gekyk word wat dit gedoen en nagelaat het op stoflike aarde. Die siel soos ek bo uitgewys het ontvang oombliklik 'n volgende liggaam, maar met die verskil is dat dit nie 'gees' bevat nie. Dit sal 'n menslike vorm hê wat die verstand met al sy ou herinneringe wat hy op aarde gehad het besit. Dit sal wees asof die oue nog behou of vasgevang is in die nuwe. Hoekom? Soos bo uitgewys was in Luk.16:22 – 27 dat Lasarus op Abraham se skoot was tot vertroosting en so ook die ryk man wat in verdrukking was. Met die vertroosting van die wat in die saal van 'lig' kom, kom tot genesing. M.a.w. dit wat die verstand saamgebring het, het tot genesing gekom en kan nou ten volle oorgaan in die hiernamaals.

Wat baie belangrik is om uit die gelese verse te leer is dat terwyl jy op aarde is moet jy so leef dat jy andere nie moet seermaak of sodanig pla deur lering oor die hiernamaals dat dit 'n plek van gevangenis is nie. Soek vir jou 'n geestelike maat en gesels oor jou beperkinge en seer wat jy het. Soos in Matt. 18:20 staan: *Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.* Wat onthou moet word is dat met enige vergadering met jou geestelike vriende moet julle oor alles praat wat saak maak. YAHUSHA is teenswoordig en Hy sal voorsien. Praat oor die verlede, hede en die toekoms. Die verlede is die geskiedenis en dit is die fondasie waarop jy kan bou. Moet nooit die fout maak om te leef in die verlede nie, want dit bring net 'vrees'. Berusting is wanneer jy met jou geestelike vriend of vriende sit en gesels. Praat oor dinge wat saak maak en bemoedig (*begiftig*) mekaar. Met so 'n vergadering kan die toekomstige dinge bespreek word, want dit maak die lewe opwindend (*ernstig*) tussen al die warboel van Ha satan; onthou al is jy in 'n gesprek met een wat op 'n sterfbed lê, vertel mekaar van die groot lig (YAHUSHA), groot vrede, die enorme skoonheid en baie liefde, want dit sal veral vir die sterwende 'n gemoedsrus gee om oor te kan gaan in die hiernamaals.

Onthou liefde is 'lig' Dit is die mees kragtige wapen teen duisternis Openbaring 21 en 22 gee vir ons meer lig op die lewe na die dood. Wanneer die 1000 jaar van vrede aanbreek sal ons op 'n nuwe aarde lewe. Baie verkondig dat ons na die hemel toe gaan; Nee ons gaan na 'n nuwe aarde! (Open.21:1,23). 'n Aarde sonder 'n see, 'n aarde wat nie 'n son of maan sal hê nie. Op die nuwe aarde sal YAH heers as Koning saam met Sy (*en ons*) VADER (Open.21:3,22). Ja genesing sal intree soos dit bo uitgewys word (Open.21:4). Almal daar in die nuwe lewe verteenwoordig mekaar in YAH, dus in liefde waar geen oortreding kan heers nie (Open.22:3). Die silwerdraad word vervang met 'n 'goue draad'

*Open. 22:11 Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die reine nog reiner word.*



In kort oor die dood wat was, is en weer gaan kom

As ons na die mense kyk wat dood gemaak was in die verre verlede lyk en klink dit vir ons so barbaars en wreed. Ek wil amper sê dat die wat in vandag se dae vermoor word op die aakligste wyse klink en lyk ook dieselfde as in daardie dae.

Kom ons vat 'n vers of twee uit die Skrif ter aanskou oor die situasie.

Steniging:

*Deut.17:5 dan moet jy dié man of dié vrou wat hierdie verkeerde ding gedoen het, na jou poorte uitbring—die man of die vrou—en jy moet hulle stenig, dat hulle sterwe.*

*1 Kon.21:14 Daarna laat hulle Isébel weet: Nabot is gestenig en is dood.*

*Hand.7:59 En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy ~~die Here~~ YAH aanroep en sê: ~~Here J\*sus~~ Meester YAHUSHA, ontvang my gees!*

Vuur verbranding:

*Jos.7:25 En Josua het gesê: Hoe het jy ons in die ongeluk gestort! ~~Die HERE~~ VADER sal jou vandag in die ongeluk stort! Daarop het die hele ~~Israel~~ Yashar'EL hom gestenig, en hulle het hulle met vuur verbrand en klippe op hulle gegooi.*

Stukkend kap of opsny:

*Eseg.16:40 Dan sal hulle teen jou 'n menigte laat optrek en jou stenig en jou met hulle swaarde stukkend kap.*

*Eseg.23:47 En die vergadering moet hulle stenig en hulle met hul swaarde stukkend kap; hulle seuns en dogters moet hulle doodmaak en hulle huise met vuur verbrand.*

Foltering en geseling:

*Matt.23:34 Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe, en julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig en sommige van hulle in jul sinagoges gésel en van die een stad na die ander vervolg,*

Soos ons kan lees uit die Skrif het hulle in die vere verlede die mens (soos vandag) op wrede maniere gedood.

Dood is 'n realiteit wat op aarde gebeur waarvan geen wese op aarde vry sal spring nie. As dood nie intree deur normale veroudering van die liggaam nie kom dit deur siektes of deur die mens self. Ek gaan eers die normale dood tersyde laat en direk oorgaan soos dood beskryf word in die skrif as 'n straf (*Hetsy deur ouderdom of siekte*).

As ons lees van steniging weet ons dat dit baie wreed moes gewees het. Sommige van die opgrawings van die argeoloë vind hulle baie vinger beendere, maar geen liggame nie. Hoekom ? Want terwyl die persoon gestenig word keer hy /sy vir die klippe en stene wat na hom gegooi word. Klippe reën behoorlik op die persoon wat oortree het en die persoon keer en smee die heeltyd dat hulle hom in guns moet aansien. Ek persoonlik dink dit moet 'n baie emosionele affêre wees, want as jy die een is wat die klip gooi en jy sien hoe die klip wat jy gooi inbreek in daardie liggaam. Jy sien dat jy oë uitgooi, vingers afgooi en die liggaam wat eers mooi en lewendig was, nou vol bloed en stukkend! Ek glo dat daar 'n groot gekerm opgaan tot VADER en dat HY dit alles aanskou en so glo ek ook dat HY voel vir daardie een wat in groot pyn verkeer.

Ons kan nou die foltering inbring wat net so wreed is. Eerstens word die persoon kaal uitgetrek en dan word hy aan 'n paal vasgemaak (*folterpaal*) met toue sodat die gefolterde nie kon beweeg nie. Dan word hy geslaan met allerhande slaangoed soos onder andere gesel toue, en die toue is allerhande skerp voorwerpe ingevleg om die liggaam uitmekaar te ruk sodat die liggaam ontsettend bloei. Die doel met die marteling is dat wanneer hulle die paal vat en die man daaraan ophang dat dood deur sy wonde moet intree. Baiekeer hang so 'n gefolterde 'n paar dae voordat dood intree as hulle hom nie baie geslaan het nie. Gewoonlik is dit baie vernederend weens feit dat hy kaal aan die paal hang en dat die mense met hom die spot ook kan dryf.

Wanneer 'n veroordeelde stukkend kap of opsny word is daar 'n baie groot haat aan die wat hom geoordeel het. Ek wil amper sê dat so 'n dood vinnig en min pyn in het weens die aggressie in die wat hom nou gaan dood.

Verbranding is weer 'n proses wat voorbereiding nodig het en ek glo dit moet vir die veroordeelde senutergend wees. Gewoonlik word so 'n persoon eers in aanhouding gehou terwyl hulle besluit hoedanig sy dood moet wees. Party van die veroordeeldes word eers verwurg en andere kry iets in die mond en party (*meeste van die kere*) staan maar net en wag vir die vlamme om hulle liggaam te verskroei en te verkool tot die dood intree.

Nou kan 'n vraag of twee na vore kom soos: Hoekom kom so 'n opdrag van YAH af ? Hoekom moet dit so wreed wees ? Hoekom moet daar verskillende maniere wees van doodmaak ?

Wanneer daar dood intree hetsy normaal of abnormaal is daar hartseer by die agterblywendes. Baie sal dink dat die dag as 'n slegte persoon doodgaan dat daar nie 'n traan oor hom sou gestort word nie maak 'n fout. Wat ook besef moet word is dat die wat gedood word 'n voorbeeld moet wees vir die volk om nie dieselfde fout te maak nie.

Kom ons kyk nou na die Dood as straf.

YAH het vir ons in die ou Verbond tydperk gewaarsku om in Sy ordeninge, gebooie, insettinge en wette te onderhou en daarvolgens te wandel. Indien ons dit doen dan sal ons voorspoedig wees in alles wat ons aanpak, maar indien ons dit nie doen nie sal die teenoorgestelde intree. Nou as YAH ons nie straf oor ons oortredinge nie sal ons nooit die geleentheid kry om saam met Hom te kan regeer nie.

Nou is daar straf en straf. Dit hang van die oortreding af hoedanige straf daar moet intree. Enige straf is tweesydig; Die eenkant is dit vir die skuldige en die anderkant vir die volk om dit nie weer te doen nie.

Die skuldige het dalk 'n oortreding begaan wat ly tot 'steniging' wat een van die wreedste dood kan wees (*Oortreding moet ook in die lig gesien word dat dit van VADER se kant kan wees of van die mens se kant kan wees soos Stefanus wat deur die Jode gedood was omdat hy hulle en hulle wette oortree het*).

Nou moet ons besef en verstaan van die lewe na die dood. In die lewens – wandeling van 'n veroordeelde het hy wetend en onwetend wette oortree (Hetsy Stefanus of Judas); Nou gaan hy boet vir daardie oortredinge. As die dood gou intree soos om gehang, geskiet, elektriese stoel of gif in die are in te spuit was daar nie werklik straf vir die veroordeelde nie (*slegs spanning*), maar wel 'n voorbeeld dat dit nie weer gedoen mag word nie. So 'n veroordeelde gaan eendag voor die regterstoel staan tot oordeel.

As enige van die grusame dood bo intree by 'n veroordeelde dan is daar straf in omrede dit 'n lang en 'n pyn proses was. Indien hy dit nie ontvang nie sal hy voor die gereg in die oordeelsdag staan tot oordeel tot die ewige pyn en lyding. YAH se vergifnis lê in straf. Deur straf kom vergewing en so ook waarskuwing aan die volk. Dus moet daar straf intree sodat jy die geleentheid kan hê om op te kan staan saam met die geseëndes daardie dag.

So om te kan lewe na die dood is om te doen wat YAH te behaag, al is dit om op aarde gestraf te word.

Geseënd is die wat onder YAH se tugtiging wandel en doen wat Hom behaag, want die ewige lewe lê daar in.

Ns.: Lewe behoort nie aan die mens/geskapenes nie. Alle wesens het spontaan 'n bestaan ontvang in die Tuin / aarde van Eden hemele. Die aarde is 'n oop speel-vlak voor VADER in die hemele (1 Kron.15:29). Hy verwag dat SY uitverkore hulle moet uitleef en geniet in sing en speel voor HOM.

Min wetend kan niks hulle steur as hulle doen wat HOM behaag nie.

Met bestaan na lewe op aarde kom dood in om jou oor te laat gaan na die ewige lewe. Dus moet dood nie gesien word as skeiding tussen lewe en dood nie, maar van die tydelike na die ewiglike. Van lewe na "lewe"

Bedink dit.